



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrief@framesby.co.za](mailto:nuusbrief@framesby.co.za)

Uitgawe 76: 26 Februarie 2016

## DIE EİNDE VAN OMGEE?

Waar die einde van Februarie nou aanbreek, en die Omgee-maand daarmee tot 'n end kom, kan mens tereg vra of die hele gedagte van omgee dan ook nou 'n stadige dood sterf. Die antwoord is 'n besliste NEE!

Miskien moet ons onself herinner wat dit beteken om werklik om te gee. Om van jouself prys te gee ten einde ander se belange voorop te stel. Om 'n doelbewuste poging aan te wend om net 'n slag te LUISTER na wat ander sê, en in die proses so effens in die ander se skoene te klim en die pad werklik saam te loop.

Ons almal is oorvloedig geseën met omgee-gene, maar ons ingebore self-behepthed inhibeer ons om werklik ander se omstandighede en nood te "embrace" en onself oop te stel om regtig om te gee. Die hedendaagse klem op ons individualiteit bring dikwels 'n afsydige koue in ons mee wat, alhoewel dit eintlik so ver verwyderd is van natuurlike mens-wees, ons subtiel oortuig dat emosionele isolasie die veiligste plekkie is! Alhoewel ons dikwels oppervlakkig toenadering veins met drukkie en "oe's" en "aa's", sink ons toenemend dieper in die moeras van sosiale eensaamheid, sonder 'n doelbewuste wil om daaruit te ontsnap! Maar daar IS 'n reddingsboei ...

Begin vandag opnuut en doen werklik moeite om iets, al is dit hoe klein, vir 'n ander te doen wat 'n verskil kan maak. Vra die Here om jou hierin te help. Spits jou ore vir ander se vrese, angste, vreugdes, hartseer en drome en stap die ekstra myl om êrens vir iemand te wys hy of sy is nie alleen nie!

## FRAMESBY 50 – PERSONEEL

As deel van ons 50-jarige feesviering word daar 'n dinee, waar ons graag so veel as moontlik oud-personeellede teenwoordig wil hê, in die vooruitsig gestel. Waar Framesby vandag staan is in 'n baie groot mate die vrug van die toewyding en harde werk van onderwysers wat oor die jare hier betrokke was, en wat werklik hul alles vir hierdie skool gegee het. Van die eerste personeellede wat bepaalde waardes en norme hier gevestig het, tot die vele ander wat gebou het aan die unieke karakter van ons uitsonderlike skool.

Ons is tans besig om so veel as moontlik oud-personeellede te kontak, maar vir baie van hulle beskik ons oor geen onlangse kontakbesonderhede nie. Omdat baie van ons ouers ook oud-leerlinge is, neem ons hiermee graag die vrymoedigheid om u te versoek om ons in hierdie veldtog behulpsaam te wees. Indien u bewus is van die kontakbesonderhede van enige oud-onderwyser sal ons dit hoog op prys stel indien u die skoolhoof se sekretaresse kan kontak by [skoolhoof@framesby.co.za](mailto:skoolhoof@framesby.co.za), of mevrou de Jager by [mdejager@framesby.co.za](mailto:mdejager@framesby.co.za).

## KLUBHUIS OOP VANAAND!

FOV nooi alle ouers om vanaand vanaf 17:00 'n draai by die klubhuis te maak. Kom geniet iets en koop heerlike hamburgers en chips!

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

### Saterdag

Geen

### Sondag

Justin Smit 9A

### Maandag

Geen

### Dinsdag

Franco Boshoff 9F  
Keenan Ferreira 8C  
Sanri Marx 11G

### Woensdag

Ruben le Roux 12E  
Bianke Louwrens 9E  
Chris-Marié Meiring 11F  
Christiaan Schutte 8A  
Danel Senekal 11G

### Donderdag

Demi Ainslie 8C  
Meri-Christi de Wet 11D  
Michaela Eksteen 12C  
Andreas Keyser 11D

### Vrydag

Ruben Barnard 8G  
Anastacia Helmey 9D  
Kayla Koekemoer 12A  
Shawn Momberg 9G  
Elouise Moolman 9E  
Magriet Swart 12C  
Juandré van Huyssteen 12A

# ONS LEERDERS IS BESIG!

## FRAMESBY-GHOLF IN OPWINDENDE BOU-FASE

Golf word reeds sedert die vroeë 90's in die OP as skolesport bedryf, en Framesby het homself oor die jare gevestig as een van die toonaangewende golf-skole in die Oos-Kaap. Ons spanne het verskeie kere gekwalifiseer om die OP by die SA-skolekampioenskappe te verteenwoordig, waar ons spelers gewoonlik uitstekend gevaar het. Soos dit egter met sport gaan, beskik ons tans nie oor enige gevestigde top-spelers nie, en waar ons aan die einde van 2016 se eerste kwartaal skole-liga gekom het, het ons nie baie wedstryde gewen nie. Framesby sal nie vanjaar kwalifiseer vir die SA- skole wat in die Junie vakansie in Oos-London gehou word nie.

Framesby beskik egter vanjaar oor 'n groep spelers wat hulle golf met groot entoesiasme speel, wat altyd hulle bes probeer, wat nooit oefeninge mis nie, en wat die spel geniet. Boonop beskik al die spelers oor uitstekende golfswaai en met al die oefening en professionele afrigting, tot dusver reeds 5 lesse by Wayne Barry, kan ons beslis uitsien na groot vooruitgang in die tweede en derde kwartaal en veral in 2017. Verskeie spelers toon reeds uitstekende talent en moontlikhede.

Baie geluk aan Tiaan Coetzee (Kaptein), Martin Swiegelaar, Michael Randall, Corne Smith, Keegan Verwey, J.P. Meyer, Luan Ras, De Wet Coetzee, Leon Vermeulen en Dantre Haasbroek wat Framesby by die Karoo Schools Challenge oor die naweek van 4-6 Maart op Cradock gaan verteenwoordig. Ons het ook groot waardering vir Ruben du Preez, wat teruggestaan het sodat een van die senior manne op toer kan gaan – dit is ware sportmanskap!

Verder moet u gerus die naam Leannie Williams (Graad 8) onthou – sy gaan weer meisiegolf by Framesby op die kaart plaas – en die manne sal moet ligloop!

Mnr. Joubert, ons Gholforganiseerder, is baie opgewonde oor hierdie groep en, alhoewel die spanne nie alle wedstryde gewen het nie, hy dit lanklaas so geniet het om golf af te rig. Hierdie groep maak dit regtig 'n plesier, en gee hulle opnuut perspektief aan die gesegde dat wen is nie alles nie! Hou so aan, gholfspelers, die wenne sal kom!

## ONS ATLETE VAAR SKITTEREND BY METRO-BYEENKOMS

Skole-atletiek, en die manier waarop meegeding word, het oor die jare baie verander. Waar skole tot in die vroeë 90's om bekere meegeding het by die PE-Hoërskole- en OP-Hoërskole-byeenkomste, verteenwoordig atlete hul skole eintlik net by die Sone-byeenkoms, alhoewel hulle darem by die volgende byeenkomste in hul skool-atletiekdrag deelneem. Die mededinging is egter baie straf, en groot getalle atlete ding mee om na die volgende byeenkoms te vorder.

Verlede Saterdag het die Metro-atletiekbyeenkoms in skokkende weersomstandighede by die Oval plaasgevind. Eers moes die atlete kragte meet teen die wind wat 50 km per uur gewaai het, en daarna het die reën en koue die atlete verder getemper. Ondanks die elemente het ons atlete uitstekend gevaar en het ons altesaam 21 eerste plekke behaal.

Die volgende Framesby-atlete het 2 eerste plekke behaal: Anneke van Rooy in die Dogters O/19-100 en -200, asook 'n 2de plek in die 400m. Anneke Kapp was eerste in die Dogters O/19-gewigstoot en diskus, Vicky Oelofse in die Dogters O/16-800 en 1 500m, Chané Petzer in die Dogters O/17-1 500 en -3000m, en Johan van Biljon in die Seuns O/14-gewigstoot en diskus.

Die volgende atlete het ook eerste plekke behaal: Andre Keyser in die Seuns O/17-400H, Bjorn Ferreira in die Seuns O/15-1 500H, Tishian Viljoen in die Seuns O/15-driesprong, asook 'n 2de plek in die versprong, Steyn Fourie in die Seuns O/14-300H, Maneeb Jeftha in die Seuns O/14-400m, 'n 2de plek in die 400m en 'n derde plek in die 100m, Nicole Hamilton in die Dogters O/14-3000m, Kayla Ferreira in die Dogters O/15-driesprong, Luzanne Bruyns in die Dogters O/19-driesprong en 'n 2de plek in 400H, Bridget Hart in die Dogters O/19-400H en 'n 2de plek in die 800m, Dewet Erasmus in die Seuns O/16-spiesgooi, asook Chad van Rensburg in die Seuns O/16 3000m.

Verskeie van hierdie atlete is in die Metro-span opgeneem. Lees gerus die berig op die volgende bladsy!

# ONS LEERDERS PRESTEER

## 23 ATLETE HAAL DIE METRO-SPAN!

Soos hierbo berig het 'n groot groep van ons atlete verlede naweek die PE-skole by die NMB Metro-byeenkoms verteenwoordig en uitstekend gevaar. Na afloop van die byeenkoms is die Metro-span aangewys wat volgende naweek aan die Oos-Kaap byeenkoms, waar die hele Oos-Kaap betrokke is, gaan deelneem, waarna die Oos-Kaap-span na die SA Skole- en SA Juniorkampioenskappe aangewys sal word.

Dis 'n besondere prestasie om vir hierdie span gekies te word, en ons wil hiermee graag die volgende atlete met hul insluiting gelukwens: Andre Keyser in die O/17-400 hekkies, Gihann Abrahams in die O/15-spiesgooi, Bjorn Ferreira in die O/15-1500m hindernis, Tishian Viljoen in die O/15-verspring en -driesprong, Steyn Fourie in die O/14-300 hekkies, Maneeb Jeftha in die O/14 200 en 400, Estiaan Steynberg in die O/14-1500, De-Leon Strydom in die O/14-1500, Johan van Biljon in die O/14-gewigstoot en -diskus, Shené Delpont in die O/17-3000m, Chané Delpont in die O/17-3000m, Abigail Appelgryn in die O/17-hoogspring, Vicky Oelofse in die O/17-800 en 1500, Lara de Bloe in die O/15-3000m, Caylin Scheepers in die O/15-100 en -200, Melissa Hamilton in die O/14-1500, Luzanne Bruyns in die O/19-driesprong en -400H, Bridget Hart in die O/19-400H en -800, Anneke Kapp in die O/19-gewigstoot en -diskus, Chanel Kelsey in die O/19-3000, Almorette Matthee in die O/19-3000m hindernis, Anneke van Rooy in die O/19-100, -200 en -400 en Carla Viviers in die O/19-spiesgooi.

Baie geluk aan al hierdie atlete en baie sterkte met jul voorbereiding. Ons is baie trots op julle!

## FINALE TOETSROOSTER EN -REËLINGS

Die Toetsreeksrooster wat in Uitgawe 74 verskyn het, moes weens 'n departementele versoek rakende Graad 12-Wiskunde aangepas en verander word. Terselfdertyd is enkele klein verskuiwings aangebring. Hierdie is egter die **FINALE** rooster en u word versoek om die vorige weergawe te ignoreer. Die reëlings soos vervat in Uitgawe 74 bly egter steeds van krag.

		GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Woensdag 9 Maart	1	Sosiale Wetensk. (Ges)	Natuurwet. (LW)	English	English	Afrikaans
	2	Sosiale Wetensk. (Geo)	Natuurwet. (FW)	Verbruikerstudie	Rekeningkunde	IGO Musiek
Donderdag 10 Maart	1	EBW	Afrikaans	Wiskunde Wisk. Gelett.	CAT	Wiskunde Wisk. Gelett.
	2	Lewensoriëntering			IT Musiek	CAT
Vrydag 11 Maart	1	Wiskunde	EBW	Fisiese Wetenskap	Wiskunde Wisk. Gelett.	Fisiese Wetenskap
	2	Wiskunde SBA	Lewensoriëntering	Besigheidstudies	IGO	
Maandag 14 Maart	1	English	Sosiale Wetensk. (Geo)	Afrikaans	Lewenswetenskap	Rekeningkunde
	2		Sosiale Wetensk. (Ges)	IGO	Toerisme	Verbruikerstudie
Dinsdag 15 Maart	1	Natuurwet (FW)	English	Lewenswetenskap	Afrikaans	Lewenswetenskap
	2	Natuurwet (LW)		IT Toerisme	Besigheidstudies	IT
Woensdag 16 Maart	1	Tegnologie	Wiskunde	Rekeningkunde	Fisiese Wetenskap	English
	2		Wiskunde SBA	Geografie Musiek	Geografie	Besigheidstudies
Donderdag 17 Maart	1	Afrikaans	Tegnologie	CAT	Verbruikers	Toerisme
	2			English Litt.	English Litt.	English Litt.

# ALGEMEEN EN SIELSKOS

## 'N ANDER MAATSTAF

DIE ware betekenis van 'n mens se lewe kan nie gemeet word aan die lengte daarvan of aan sulke dinge soos sukses, prestasie, aansien, rykdom en dergelike meer nie. Dit is wel dinge wat onder die mense opval en hoog aangeslaan word, maar as die werklike gewig van 'n mens se lewe bepaal moet word, geld daar tog 'n ander maatstaf. Hierdie ander maatstaf kan op verskillende maniere beskryf word. Dit het egter altyd te make met die vraag of 'n mens se lewe vir jou self geleef is of vir 'n saak wat groter is as jy. Dit is die antwoord op hierdie kritiese vraag wat bepaal of 'n mens se lewe werklik sinvol was en of dit benede die maat was. Dit is nie altyd moontlik om hierin oor ander mense te oordeel nie. Dit is so voor die hand liggend om te dink dat die magtiges en die rykes, die presteerders en suksesvolles natuurlik vir hulle self leef. Die geskiedenis het dit al so dikwels bewys. As die Bybel daarteen waarsku dat 'n mens na hoë dinge moet streef en op die gevare van rykdom, mag en sukses wys, dan kan ons daaruit aflei dat dit dikwels of selfs meesal so sal wees dat hierdie soort dinge 'n mens sal verlei om die aksente in jou lewe verkeerd te plaas. Maar dit hoef natuurlik nie so te wees nie. Ons kan nie in 'n ander mens se hart kyk nie. Dit is nie uitgeslote dat ook mense uit hierdie kategorieë nie vir hulle self leef nie. Dit is voorstelbaar dat 'n regeerder byvoorbeeld werklik meer waarde kan heg aan die diens wat hy lewer as aan die eer en mag wat hy ontvang. Dit is moontlik dat ryk mense innerlik vry kan wees van hul besittings en dit kan aanwend om die Here en hul medemense daarmee te dien. Dit is moontlik dat slim mense nederig kan wees en hoogs begaafde mense sonder 'n hinderlike selfbesef. Maar of dit werklik so is, dit kan slegs die Here God bepaal. Voor sy oë is ons almal oop en bloot. Ons kan miskien ander mense bedrieg. Ons kan selfs onself bedrieg. Die laaste is miskien nog makliker as die eerste. Maar ons kan God nie bedrieg nie. Die Gees van God ondersoek alle ding. Hy weet wat in die diepste diepte van ons binneste leef. Die motiewe en dryfkragte van ons lewe is voor sy oog nie verborge nie. Wat mense van ons dink, is wel belangrik, maar dit is 'n onbetroubare oordeel. Die prestasie van menigene vir wie die mense groot lof en verering daarop nahou, is in die oë van God minder as niks. En diegene wat soms by die mense nie geag en gereken word nie, kan in die eenvoud van hul klein lewe in die oë van God groot wees. Daarom sal 'n verstandige mense nooit die lof en prys van mense vir wat hy of sy is of doen, te hoog aanslaan nie. Daar is maar een maatstaf wat werklik vir die betekenis van ons lewe geld, en dit is of God oordeel dat dit, soos die lewe van Jesus, vir Hom en vir die medemens geleef is.

Uit *Die Burger* 31 Maart 1990

## WISKUNDE

Dat elke mens oor 'n basiese syfervaardigheid moet beskik, is 'n voldonge feit, en daarom word Wiskunde dan reeds vanaf Graad 1 as verpligte vak in skole aangebied. Na Graad 9 kan leerders kies om met Wiskunde as akademiese vak voort te gaan, of om Wiskundige Geletterdheid, waar die daar meer klem gelê word op praktiese berekeningvaardighede, te neem.

Dit raak egter toenemend duidelik dat baie leerders geweldig sukkel met Wiskunde omdat agterstande in die laerskool opgebou is wat baie moeilik ingehaal word, en dat die basiese vaardighede net bloot ontbreek. Die slaagvereistes rakende Wiskunde is egter hoog, en daarom wil ons graag aan al ons junior leerders die beste moontlikhede bied om die mas op te kom.

Graad 8 en 9 leerders wat regtig sukkel met Wiskunde kan gedurende Graadhoof-periodes deur hul Wiskunde-onderwysers onttrek word sodat addisionele onderrig gegee en hulp verleen kan word. Ons versoek u dus om met die betrokke onderwyser te skakel in hierdie verband, aangesien ons glo dat dit die leerder se verantwoordelikheid is om van hierdie geleentheid gebruik te maak. Dit sal egter baie dwaas wees om nie hiervan gebruik te maak nie.

Dis belangrik dat leerders moet besef dat die betrokke onderwysers hul vry-periodes hiervoor moet opoffer, en dat niemand hierdie geleentheid kan misbruik deur nie op te daag, of om ontwrigtend op te tree nie. In sulke gevalle sal die leerder nie meer toegelaat word nie.

## KRIEKET STEAKAAND Pawiljoensaal

Vrydag 4 Maart 2016

Prys: R120 p.p.

Tyd: 18:00



**Kontantkroeg**  
Bring u eie eetgerei!

**Grootskerm TV**  
**T20 Proteas vs Australië**